## 17 Desember Jeremia 2:1-13

### *Vergeet lei tot verruiling*

Om te onthou; ja, om God te onthou is belangrik. Wanneer ons van vergeet praat, klink dit so onskuldig. Baie maal sê ons dat dit net menslik is om te vergeet. Tog is dit heeltemal 'n ander saak indien ons van God vergeet, want indien dit gebeur, duur dit nie lank voordat mense God op die agtergrond probeer skuif en Hom met ander gode vervang nie. Dit gebeur immers so maklik dat mense God probeer inruil vir moderne afgode. Om God te vergeet is veel erger as die vergeet van 'n afspraak of verjaardag. Hoor ons? Vergeet gee aanleiding tot verruiling. Jeremia verkry die opdrag om die Woord van God op die tempelplein te gaan verkondig. Die preek moes hy in die vorm van 'n minnelied giet. Die kern van die preek? Die volk het nie meer gevra "Waar is die Here wat ons uit Egipteland laat optrek het" nie. God kla sy volk aan van vergeetagtigheid - geestelike geheueverlies!

Iemand wat so iets doen is net so onverstaanbaar soos iemand wat stukkende waterbakke verkies bo 'n fontein van lewende water (vers 13). Onthou u nog God se genade in en deur ons Here Jesus Christus? God het onthou om: sy Seun te stuur. God onthou om sy Gees te gee, om my daagliks te versorg met dit wat ek nodig het. Daarom eis God van my om uit dankbaarheid te onthou om te onthou!

Sing: Psalm 105:20

Ds. F.P. Kruger (Meyerton)